WANT ELKE KIND VERDIEN MOEDERTAALONDERRIG.
diemos.co.za | +27 12 880 2493

DIE MOS inisiatief

# MEDIAVERKLARING

*(Vir onmiddellike vrystelling)*

## DIE MOS INISIATIEF BREI BELANGE IN DIE KAROO UIT MET VERDERE BELEGGING IN VUURVLIEGIE AKADEMIE

**BEAUFORT-WES**, 27 Julie 2026 – Die MOS Inisiatief kondig met trots aan dat hy sy aandeelhouding in Vuurvliegie Akademie in Beaufort-Wes met 'n verdere 10% verhoog. Hierdie opwindende stap is direk te danke aan die skool se uitstekende en volgehoue groei, en bou voort op die organisasie se bestaande 20%-aandeel in die instelling.

Tesame met sy eienaarskap van die gevestigde Karos Akademie, wat eweneens in Beaufort-Wes geleë is, versterk hierdie aankondiging Die MOS Inisiatief se voetspoor in die streek aansienlik. Vir die organisasie is dit 'n uitsonderlike voorreg om by twee toonaangewende skole in die hartjie van die Karoo betrokke te wees. Dit verseker dat Afrikaanse moedertaalonderrig toenemend toeganklik gemaak word vir leerders regoor die omgewing.

Hierdie strategiese skuif stel die organisasie ook in staat om die twee skole nader aan mekaar te bestuur. Sodoende word verseker dat hulle nie teen mekaar werk of kompeteer nie, maar eerder as vennote hand aan hand saamwerk aan dieselfde doelwit: om hoëgehalte Afrikaanse onderrig in die hartjie van die Karoo te verseker en uit te bou.

Roedolf van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Die MOS Inisiatief, het groot lof vir die leierskap by beide skole: "Ons is ongelooflik bevoorreg om skoolhoofde van hierdie kaliber aan die stuur van sake te hê. Die bewese kwaliteit, ryk ondervinding en uitmuntende bestuursvernuf van Zerülda Stadler by Karos Akademie en Selme-Louise van Wyk by Vuurvliegie Akademie speel 'n onmiskenbare rol in die skole se sukses. Dit is danksy hul dryfkrag dat ons hierdie verenigde visie vir die gemeenskap kan verwesenlik."

Die teenwoordigheid en samewerking van hierdie skole ontsluit talle voordele vir die plaaslike gemeenskap:

- Finansiële verligting: Ouers spaar aansienlik op reis- en koshuiskostes wat tradisioneel gepaardgaan met die stuur van kinders na skole in ander dorpe of stede.

- Voordele vir die leerder en gesin: Leerders het die voorreg om in hul eie, bekende omgewing en binne 'n koesterende en hegte gesinsverband groot te word. Dit bevorder emosionele welstand terwyl hulle steeds toegang geniet tot topgehalte onderwys in hul moedertaal.

Die MOS Inisiatief herbevestig die uitstekende akademiese en buitemuurse aanbod van beide instellings. Ons nooi voornemende ouers en leerders uit om meer uit te vind oor die unieke karakter en waardes van elke skool.

Vir meer inligting oor toelatings, die kurrikulum en wat elkeen van hierdie trotse Karoo-skole bied, besoek asseblief Karos Akademie en Vuurvliegie Akademie se onderskeie webtuistes.

Belanghebbers word vriendelik genooi om op Donderdag 6 Augustus 2026 vanaf 17:30 by Karos Akademie die amptelike aankondiging en viering by te woon.

**EINDE**
**Woordtelling**: 409

**NAVRAE / MEDIAKONTAK:**

Roedolf van der Westhuizen
Uitvoerende hoof
Die MOS Inisiatief
info@diemos.co.za

De Wet Coetsee
Operasionele hoof
Die MOS Skole Groep